4 Mei 2020

Afrikaans Huistaal

Graad 3- 4

LEES MET BEGRIP

Opsteller: Margie Williams

Lees die onderstaande leesstukkie sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Mamma, wat is Kovid-19? – deur M.E. Williams

Emmett en Elliott het heeldag buite in die tuin gespeel. Hulle het net ingegaan huis toe wanneer hulle honger was.

Hulle weet dat dit amper badtyd is. Dan hoor hulle 'n baie bekende stem roep: "Emmett! Elliott! Julle is nou klaar gespeel. Dit is tyd vir bad en aandete! Hulle hou van hul mamma se stem. Dit klink altyd so liefdevol en warm.

Emmett, agt jaar oud en Elliott, vier jaar oud, bad gewoonlik saam en dan klets hulle sommer lekker met Mamma en vra allerhande vrae.

Emmett is sommer eerste aan die beurt met sy vraag.

"Mamma, ons hoor gedurig van Kovid_19. Mamma het al verduidelik, maar kan Mamma asseblief weer vir ons verduidelik? Elliott verstaan nog nie so lekker nie."

"Ek verstaan, maar Mamma kan maar weer verduidelik," sê Elliott.

"Goed, maar dan moet julle nou baie mooi luister," sê Mamma en die tweetjies luister aandagtig na Mamma se stem.

"Kovid_19 is 'n kiem of virus wat êrens in die wêreld onstaan het en het versprei na omtrent al die lande in die wêreld. Duisende mense het baie, baie siek geraak van hierdie virus.

Die President van ons land, Meneer Cyril Ramaphosa, het baie mooi met die mense van Suid-Afrika gepraat en sekere reëls neergelê. Hy het die mense versoek om die reëls getrou na te kom.

Die mense het na die President geluister en die reëls getrou nagekom.

"Wat is die reëls, Mamma?" vra Emmett.

Geduldig verduidelik Mamma:"Ons moet gereeld ons hande was met seep en water vir omtrent twintig sekondes lank. Wanneer ons hoes of nies, moet ons die binnekant van ons elmboog voor ons mond hou. Ons moet ook nie aan ons gesig of ons oë vat nie. Wanneer ons uitgaan in die openbaar, moet ons 'n gesigmasker dra om die virus te vermy. Wanneer ons in 'n tou staan, moet ons sorg dat daar 'n spasie van een meter lank tussen onsself en die persoon voor en agter ons is. Ons is ook tans onder inperking om te vermy dat die virus versprei."

"Ons gaan nie siek raak nie Mamma, want ons gaan die reëls getrou nakom," sê Elliott.

"Ja, my skat, ons gaan baie beslis die reëls getrou nakom," sê Mamma.

VRAE:

1. Waar het Emmett en Elliott gespeel?
2. Hoekom het Mamma vir Emmett en Elliott geroep?
3. Wat is die ouderdomsverskil tussen Emmett en Elliott?
4. Wat is Kovid_19 volgens Mamma se verduideliking? Antwoord in 'n kort sinnetjie.
5. Waarom was dit belangrik vir Meneer Cyril Ramaphosa om met die

mense van Suid-Afrika te praat?

6. Noem drie reëls wat ons moet nakom om Kovid_19 te vermy.

8. Is Emmett en Elliott gehoorsame seuntjies?

   Antwoord “Ja” of “Nee” en gee ‘n rede vir jou antwoord.

<u>PRAKTIESE TAKIE</u>

Maak ‘n plakkaat op ‘n A4 blad waarop jy die volgende prente plak wat jy uit ‘n tydskrif of ‘n koerant geknip het:

- ‘n masker
- ‘n prentjie van hoe die kovid_19 virus in die media geillustreer word
- ‘n prentjie van handreiniger
- ‘n prentjie van waar iemand besig is om hande te was.

Lekker lees!!

Lekker plak!!!